Pasop vir MIV-tuistoetse

ANTOINETTE PIENAAR

PRETORIA. – Die Nasionale Patologiegroep (NPG) het mense gister teen MIV-tuistoetse gewaarsku nadat 'n Kaapse student verkeerdelik MIV-positief getoets het met een van dié toetse.

Die NPG, wat deel van die Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging (SAMV) is, het gesê baie van dié produkte word van oral in die wêreld na Suid-Afrika ingevoer.

Geen gehaltebeheer of standaard word egter vir die invoer daarvan gestel nie.

Die NPG het in 'n mediaverklaring gesê daar is verskillende MIV-virusstamme oor die wêreld heen. Dit is nie eens duidelik of die toetse ontwerp is vir die stamme wat hoofsaaklik in Suid-Afrika voorkom nie.

Die patoloë meen angs en spanning kan veroorsaak dat 'n persoon nie die aanwysings behoorlik volg as dit by die huis gedoen word nie.

In Suid-Afrika moet mense ingeligte toestemming gee vir MIV-toetsing in 'n hospitaal. Dit moet met berading voor en ná die tyd gepaardgaan.

Die NPG se waarskuwing kom ná 'n berig oor 'n 22-jarige student van Kaapstad wat 'n tuistoets by 'n apteek gekoop het sonder dat sy berading ontvang het.

Sy het MIV-positief getoets en was erg geskok.

'n Tweede toets by 'n private hospitaal het getoon sy is MIV-negatief.

Navorsers in Singapoer het verlede jaar gesê een van hul studies het getoon meer as die helfte van toetsresultate was ongeldig toe deelnemers self MIV-tuistoetse gedoen het.

Nadat opgeleide gesondheidswerkers die toetse oorgedoen het, was net 1% van die resultate geldig. Dit het geblyk 85% van die pasiënte het nie al die stappe reg gedoen toe hulle self die toetse gedoen het nie.

Die verspreiding van minstens een tuistoets is twee jaar gelede hier gestaak nadat die departement van gesondheid, die SAMV en die destydse Farmaseutiese Vereniging daarteen beswaar gemaak het.

Die departement het reeds in 1998 mense teen tuistoetse vir MIV gewaarsku. Die departement is onder meer bang dat oningeligtes, wat nie die vensterperiode vir MIV-bespeuring verstaan nie, dink hulle kan 'n tuistoets doen die oggend ná onveilige seks.